Nuwe Reëls en aankondigings / New Rules and announcementsJan 08

Inspeksies:
In die toekoms sal perde slegs op sentrale punte geinspekteur word. Daar sal slegs in uiterste gevalle na ‘n lid toe gery word. Brandstof is baie duur en die inspeksies word te duur as ons by elke plaas, kleinhoewe en lid moet aanry om 1 en 2 perde te inspekteur. Infuture horses will also be inspected at shows if this was arranged with the Cape Boerperd office well in advance. Inspection dates and venues will be determined once a year in March. Maak seker jou aansoek vir inspeksies is betyds by Ezelle of Adri anders gaan jou perde oorstaan vir ‘n jaar. It was also decided that foundation mares may be inspected by one inspector.

Nuwe Reëls:
Let asseblief op die volgende reels en teken dit ook so in jou reëlboek aan:
A) “n Klas is klaar wanneer die aankondiger die vertoners vra om te “ontspan” na inspeksie in die aantreelyn. Indien ‘n perd ‘n yster sou verloor voor hy gevra word om te ontspan sal so ‘n perd gediskwalifiseer word.
B) Dit is ontoelaatbaar om heen en weer te ry wanneer perde gevra word om aan te tree in die aantreelyn. Dit beteken dat wanneer die aankondiger vra “ kom in en tree aan” die vertoner in dieselfde rigting waarin hy gery het na die aantreelyn moet beweeg en aantree. Vertoners mag nie weer omdraai en stroomop ry nie—dit is ‘n
onmiddelike diskwalifikasie.
C) Bekende perde se name mag nie na hul dood binne 20 jaar weer gebruik word nie. Bv Seacottage
D) Indien iemand ‘n geregistreerde Kaapse Boerperd by ‘n nie-lid van die genootskap kook of kry rus die onus op die KOPER om die perd op sy naam oor te dra en daarvoor te betaal.

Nuwe Reels:
Tydens die AGM is die volgende nuwe reëls aanvaar en is van toepassing soos van 1 Junie 2008.

1. Stap in die tuigklasse. Daar sal gevra word vir ‘n stap—nie ‘n platvoet stap nie.
2. Kaapse Boerperd sal te alle tye volgens Kaapse Boerperd reëls geskou word in ope klasse en op ope skoue, ens. Bv. Geen linte, vals sterte, te lang hoewe, twee kleur pakke ens nie.
3. Alle 0/3 jaar perde sal met ‘n trens en “running martinggale“ geskou word—nie met ‘n dubbel toom nie.
4. Die Beoordelaars en Beamptes verenigings se reëls sal ook op Kaapse Boerperd klasse van toepassings wees tensy anders besluit deur die Bestuur van die genootskap of die lede tydens ‘n AGM.
5. Kaapse Boerperde mag deur ‘n Professionele afrigter vertoon word al is hy nie die eienaar van die perd nie. So ‘n afrigter moet ‘n opbetaalde lid van die Professionele afrigters vereniging en die Kaapse Boerperdtelersgenootskap wees. ‘n Kaapse Boerperd mag dus nou deur die eienaar, ‘n SABAU lid of ‘n Professionele afrigter geskou word.

Dwelmreëls en die implementering en toepassing daarvan. (Volle besonderhede inges